FOR EXTERNAL ANIMAL USE ONLY

**DELTAPOR 5**
Reg. No. G4252 Act 36/1947
Namibia S0 V04/18.3.3/539

**STORAGE INSTRUCTIONS**
Store away from food and feed.
Tightly reseal the container if all the contents have not been used.

**COMPOSITION**
Deltamethrin 0,5 % m/v
Piperonyl butoxide 2,5 % m/v

**INDICATIONS**
Ready to use Pour on for Catte, Sheep and Goats. Residual Action. Non-systemic action.

**CATTLE**
- Controls ticks
- Controls stable flies, horn flies, cattle louse flies and nuisance flies e.g. house flies
- Kills lice (biting and sucking)
- Protects against blackflies

**Sheep and Goats**
Controls Karoo-paralysis, bont-legged and red-legged ticks

**WARNINGS**
- DO NOT USE ON CALVES/LAMBS UNDER 3 MONTHS.
- Withdrawal period:
  - Milk: 0 days
  - Meat: 7 days
- Avoid contact with product.
- Keep out of reach of uninformed persons, children and animals.
- Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, failure thereof may ensue as a result of a wide range of reasons. If this is suspected, seek veterinary advice and notify the registration holder.
- **N.B.** Pyrethroid pour-ons may cause irritation. Treat a small group of animals first and observe for an hour before treating the rest of the herd.

SLEGS VIR UITWENDIGE DIEREGEBRUIK

**DELTAPOR 5**
RSA Reg. No. G4252 Wet 36/1947
Namibia S0 V04/18.3.3/539

**BERGINGSAANWYSINGS**
Berg weg van voedsel en voer.
Indien inhoud nie opgebruik word nie, herseël houer deeglik.

**SAMESTELLING**
Deltamethrin 0,5 % m/v
Piperonyl butoxide 2,5 % m/v

**INDIKASIES**
Gereed-Vir-Gebruik Opgietmiddel Vir Beeste, Skape En Bokke. Nawerkende effek.
'n Nie-sistemiese werking.

**BEESTE**
- Beheer bosluise
- Beheer stalvlieë, horingvlieë, beesluisvlieë en lasvlieë bv. huisvlieë
- Dood luise (bytende en suigende)

Beskerm teen riviermuggies

**SKAPE EN BOKKE**
Beheer Karooverlamming-, Bontpoot- en Rooipootbosluise

**WAARSKUWINGS**
- MOENIE OP KALWERS/LAMMERS JONGER AS 3 MAANDE GEBRUIK NIE.
- Onttrekkingsperiodes:
  - Melk: 0 dae
  - Vleis: 7 dae
- Vermy aanraking met produk.
- Hou buite bereik van oningeligte persone, kinders en diere.
- Alhoewel hierdie middel breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.
- **L.W.** Piretroïed opgietmiddels mag irritasie veroorsaak. Behandel eers 'n klein groep en neem waar vir 'n uur voordat die res van die kudde behandel word.

**PRECAUTIONS**

- Do not eat, drink or smoke during or after handling this product, before washing hands and face thoroughly.
- Avoid contact with pour-on and wash immediately and thoroughly with soap and hot water after accidental contamination.
- Remove and wash all contaminated clothing.
- Destroy empty containers and do not re-use for any other purpose.
- Do not contaminate dams, rivers and other water sources.

**DIRECTIONS FOR USE:** USE ONLY AS DIRECTED
**Shake well before use.**
**Cattle 1 ml / 10 kg**

- **Ticks, flies and lice:**.

Apply in two lines, from the base of the skull down both sides of the spine up to the tail root.

It is especially important that in the case of heavy brown-ear or blue tick infestation, that DELTAPOR 5 is applied from the base of the skull up to the tail root.

**Treat at regular intervals according to tick challenge**. The longer the product is regularly applied, the more the tick population is reduced. It will then become possible to apply at intervals greater than 7 days.

- **For blackfly (*Simulium*):** apply also to ears and underline. Repeat as required according to challenge.
- **For population control of nuisance flies and stable flies:** use 2 - 3 treatments at weekly intervals. Thereafter use according to challenge.

**Sheep and goats 1 ml / 5 kg**

Environmental conditions and parasite challenge can influence treatment intervals.

- **Karoo paralysis ticks:** Divide the full dose per animal into 4 equal parts. Apply one part onto each axillae and groin region, whilst the animal is turned over in a sitting position.
    - Angora goats - repeat after approximately 2 weeks.
    - Dorper sheep - repeat after approximately 4 weeks.
    - Merino sheep - repeat after approximately 6 weeks.

**VOORSORGMAATREËLS**

- Moenie eet, drink of rook tydens of na aanwending van die middel alvorens die hande en gesig deeglik gewas is nie.
- Vermy aanraking met opgietmiddel en was onmiddellik en deeglik met seep en warm water na toevallige besmetting.
- Verwyder en was besoedelde klere.
- Vernietig leë houers en moenie vir enige ander doel gebruik nie.
- Moenie damme, riviere en ander waterbronne besoedel nie.

**GEBRUIKSAANWYSINGS:** GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI
**Skud goed voor gebruik.**
**Beeste 1 ml / 10 kg**

- **Bosluise, vlieë en luise:**

Dien toe in twee strepe, vanaf die kroon van die kop, langs beide kante van die ruggraat tot by die stertwortel.

In die geval van swaar bruinoor- of bloubosluislas, is dit veral belangrik dat DELTAPOR 5 vanaf die basis van die skedel tot by die stertwortel aangewend word.

**Behandel met gereëlde tussenposes**, na gelang van bosluisuitdaging. Hoe langer die produk gereeld gebruik word, hoe groter die daling in die bosluisbevolking. Dit mag dan moontlik wees om aanwendings met langer tussenposes as 7 dae te hê.

- **Vir riviermuggies (*Simulium*):** wend ook aan ore en onderlyn. Herhaal soos benodig na gelang van die uitdaging.
- **Vir populasiebeheer van lasvlieë en stalvlieë:** gebruik twee tot drie behandelings met weeklikse tussenposes. Gebruik daarna na gelang van uitdaging.

**Skape en Bokke 1 ml / 5 kg**

Omgewingsfakore en parasiet uitdaging kan behandelings tussenposes beïnvloed.

- **Karooverlammingsbosluise:** Verdeel die volle dosis per dier in 4 gelyke dele. Wend een deel aan elke oksel en lies, terwyl die dier omgekeer is in 'n sittende posisie.
    - Angorabokke – herhaal na ongeveer 2 weke.
    - Dorperskape – herhaal na ongeveer 4 weke.
    - Merinoskape – herhaal na ongeveer 6 weke.

- **Bont-legged and red-legged ticks:**

The dosage should be divided into 3 equal parts and applied to the axillae, groin and tail base regions.
Treat sheep at regular intervals of approximately 3 - 4 weeks or as necessary, according to tick challenge.
For crippled sheep apply 1 mℓ to the affected hoof/fetlock.

- **Bontpoot- en rooipootbosluise:**

Verdeel die dosis in 3 gelyke dele. Wend aan die oksel-, lies- en onder die stertgedeeltes.
Behandel skape met gereëlde tussenposes van ongeveer 3 - 4 weke of wanneer benodig, na gelang van bosluisuitdaging.
Vir skape wat kruppel is, wend 1 mℓ op die aangetaste hoef/koot aan.

**PRESENTATION**

200 ml, 500 ml, 1 L, 5 L, 20 L

**AANBIEDING**

200 ml, 500 ml, 1 L, 5 L, 20 L

**Registration holder/Registrasiehouer:**

Afrivet Business Management (Pty) Ltd
Co./Mpy. Reg 2000/011263/07
PO Box/Posbus 2009, Faerie Glen
0043, R.S.A.
Helpline/Hulplyn: 0860 833 2787
www.afrivet.co.za